



Die kwelvraag, wat is die alternatief vir ons knegskap en 'n sogenaamde [Volkstaat](#) in Noordkaap?

Diegene wat redeneer dat hulle na Noordkaap trek en ontslae is van die knegskap in die Nuwe Suid-Afrika, moet nog 'n keer dink. Ook die Noordkaap is deel van die NSA en die Bolsjewiste swaai ook daar die septer!

Ek is gevra oor wat ek as oplossing sien. Natuurlik is daar geen kitsoplossing nie. Nie die vestiging in die Noordkaap of die herstel van die gewese Boererepublieke, is 'n towerstaffie nie. Wat ons onder die oë moet kry is dat daar van die Bolsjewiste se kant, 'n hernude aanslag is om ons uit te wis. Daarom word ons uitgemoor en dood belas!

As gevolg van Afrikaner-verraad in die referendums en onder aansporing van FW de Klerk, is die blanke dermate uitverkoop dat ons niks meer het wat ons, ons eie kan NOEM NIE. Nou moet ons alternatiewe soek.

Ons alternatief vir die sogenaamde Volkstaat, waar ookal, is die herstel van die Boererepublieke wat ons in 1902 met wapengeweld in die Anglo-Boereoorlog verloor het. So verwoord ons daardie eis:

1. Die bymeekaarmaak van diegene wat hulle as Boere en afstammelingen van diegene beskou wat die twee Boererepublieke in die binneland van Suid-Afrika kom stig het, naamlik die Transvaal en die OVS;
2. Wat hulle identifiseer en assosieer met die afkoms en geskiedenis van die Boervolk;
3. Wat die stigting van die twee Boererepublieke erken as hulle eie;
4. Wat aanvaar dat daardie twee republieke tot stand gekom het deur erkenning en konvensie, en dat die genoemde Boere-republieke deel was van die wêreldstatery, sonder beletsel of beperking.
5. Wat die lotgevalle van die Boerevolk met die Britse uitwissingsoorlog aanvaar, as synde part en deel van hulle huidige bestaan en
6. Vandag nog daardie gebeure beskou as onlosmaaklik deel van ons Boerevolkwees.
7. Dat die Boerevolk se aandrang op die tafel te plaas **DAT ONS DIE VRYHEID VAN ONS VADERE HERSTEL WIL SIEN AS TOTAAL SOEWEREIN EN ONAFHANKLIK OP DIE GENOEMDE GRONDGEBIED**,
8. Dat ons daarop aandrang dat die Vierkleur en die Vrystaat-vlag erken word as die vlage van Transvaal en die Vrystaat.
9. Dat Afrikaans erken word as die enigste amptelike taal van die twee republieke.
10. Dat beide republieke begerig is om in vrede en harmonie met alle volkere rondom hulle te lewe, met inagneming van sy soewereine onafhanklikheid.

[Piet Rudolph](#)

